**13 Mei** **Skrifgedeelte: Psalm 23**
**Fokusgedeelte: Psalm 23**

## Simfonie oor God

Iemand het eendag gesê dat Psalm 23 in sy omgang onder mense meer leed en pyn gestil het as al die heelmeesters van hierdie wêreld. Dit het meer vrede in menseharte gebring as die wyses van alle eeue. Psalm 23 is een van die bekendste en kosbaarste juwele in die ganse wêreldliteratuur. Dit is só intiem persoonlik, só troosryk en só vol geloofsvertroue – die Here ís my herder. Kalm en met diepe geloofsvertroue bely Dawid dit, want hy besef dat die mens soos ’n skaap verlore is en in die wildernis verdwaal. Maar as die Here jou herder is, sal niks jou ontbreek nie. Hy laat jou juis neerlê in groen weivelde waar Hý vir jou sorg: dat daar kos op jou tafel is, geld in jou beursie en ’n dak oor jou kop. Dan lei Hy jou na waters waar rus is: waaruit jy kan drink uit die fontein van die Lewe, Jesus Christus, wat vir jou gesterf het. Hy gee ook sy Heilige Gees wat jou lei op die spore van geregtigheid sodat jy nie afdwaal en verdwaal en jou God verloor nie.

Ten slotte, as jy die dag deur die vallei van doodskaduwee gaan, hoef jy niks te vrees nie, want God hou jou in sy Vaderhand vas. Die mens kom dan in die heerlikheid by God aan en word behandel soos ’n eregas, waar Christus nóú besig is om die tafel (woning) voor te berei. Aan daardie Godstafel sal jou hoof gesalf word met olie en jou beker sal oorvloei van wyn. By God in die hemel is net goedheid en guns vir die mens beskore.

Plaas ook vandag jou kinderhand in die groot Vaderhand van dié Herder wat jou liefhet en jou lewe regeer!!!

*Sing: Psalm 23:3* *Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*